

Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20240415-3156

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0007/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Grondslagfase-vakadviseurs, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Bekendstelling van 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram in Xhosa Huistaal wat op die wetenskap van lees in die Grondslagfase gebaseer is

1. In 2019 het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) besluit om 'n gedifferensieerde benadering tot Taal vir elk van die drie Huistale (HT'e) in die provinsie te volg. Dit is gebaseer op die uitslae van die sistemiese toetse vir 2011 tot 2019, asook die bevindinge van die 2016 *Progress in International Reading Literacy Study (PIRLS)*.
2. In 2020 het die WKOD 'n vennootskap met Funda Wandé aangegaan en gesamentlik 'n gestruktureerde geletterdheidsprogram vir Xhosa HT in die Grondslagfase ontwikkel.
3. In 2021 en 2022 is die Funda Wandé-program by 10 skole, waar Xhosa die Taal van Leer en Onderrig (TLO) is, bekendgestel.
4. Vanaf 2023 is die Funda Wandé-program met verdrag na alle Grondslagfase-klasse, waar Xhosa die TLO in skole is uitgebrei, en dit sal tot 2025 voortgaan. Alle graad 1- en 2-opvoeders het reeds in 2023 opleiding hieroor ontvang.
5. Die doel van die program is om lees en begrip in Xhosa HT in die Grondslagfase te versterk. Dit vorm deel van die Wes-Kaap se leesstrategie en WKOD se vyfjaar- strategiese plan.
6. Hierdie minuut dien om skole in kennis te stel dat alle graad 3-opvoeders wat Xhosa as TLO aanbied opleiding sal ontvang en klasse sal in 2025 by die bekendstelling van die program ingesluit word.

7. Graad 3-opvoeders sal vanaf 25 tot 27 September 2024 opleiding ontvang. Daar sal van alle graad 3-opvoeders wat Xhosa HL onderrig, asook alle departementele hoofde vir die Grondslagfase, verwag word om die opleiding by te woon.
8. Distrikte sal die besonderhede en plekke waar hierdie opleiding sal plaasvind, vooraf bekendmaak.
9. Vir meer inligting, kom in aanraking met die Grondslagfase-koördineerder in die betrokke distrik:

Distrik	Koördineerder	Tel.	E-pos
Metro-Noord	Jenny Daniels	021 938 3044 084 388 5920	Jennifer.Daniels@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Juanita van der Merwe	021 514 6773 079 944 7536	Juanita.vanderMerwe@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Vanessa Randelhoff	021 370 2025 083 309 1383	Vanessa.Randelhoff@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Marie Engelbrecht	021 900 7191 081 271 1153	Marie.Engelbrecht@westerncape.gov.za
Weskus	Michelle Delpont	021 860 1590 060 508 8305	Michelle.Delpont@westerncape.gov.za
Kaapse Wynlande	Alana Jas	023 348 4606 072 981 5797	Alana.Jas@westerncape.gov.za
Overberg	Sandra Cloete	028 214 7378 072 386 8936	Sandra.Cloete@westerncape.gov.za
Eden en Sentraal-Karoo	Nelmarie Kriel	044 803 8300 082 374 2961	Cornelie.Kriel@westerncape.gov.za

10. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle Grondslagfase-opvoeders en skoolbestuurspanne by hul skole te bring.

GETEKEN: B LORISTON

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-04-18